



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Naamgewing, en / of vernoeming van navorsingsleerstoele, Sentrums, Buro's en Institute (SBI's) aan die US

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om voorsiening te maak vir 'n stel algemene beginsels wat as 'n breë raamwerk vir besluitneming vir die naamgewing en/of herbenoeming van navorsingsleerstoele en Sentrums, Buro's en Institute (SBI's) kan dien.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	2010/11/15
Implementeringsdatum:	2010/11/15
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Registrateur
Sleutelwoorde:	Naamgewing van Leerstoele, Leerstoele, Sentrums, Buro's, Institute
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



BELEID VIR DIE NAAMGEWING EN/OF VERNOEMING VAN NAVORSINGSLEERSTOELE, SENTRUMS, BURO'S EN INSTITUTE (SBI's) AAN DIE US

Datum van hierdie weergawe: 15 November 2010

1. INLEIDING

Navorsingsleerstoele en SBIs wat gehuisves word aan die Universiteit Stellenbosch word normaalweg strategies geposisioneer rondom spesifieke navorsing- en kundigheidsareas waar die Universiteit 'n leier op die gebied is en waar hulpbronne en kapasiteit gebundel word om die leierskapsposisie van die US te behou en te konsolideer. Verder is dit in die geval van SBIs dikwels nodig om 'n nuwe identiteit te skep vir die akademiese organisasie-eenheid waarbinne 'n spesialis-gebied gehuisves word wat om verskeie redes (bv fondswerwing) meer spesifieke benaminge nodig het as die name van akademiese departemente of dissiplines.

Hierdie beleid maak voorsiening vir:

- 'n stel algemene beginsels wat as 'n breë raamwerk vir besluitneming vir die naamgewing en/of herbenoeming van navorsingsleerstoele en SBIs kan dien;
- die verkryging van kundige insette deur 'n komitee om die Rektor se Bestuurspan (RBS) te adviseer oor alle aspekte van naamgewing en/of herbenoeming van navorsingsleerstoele en SBIs.

2. BEGINSELS

Normaalweg word leerstoele gevestig na aanleiding van 'n uitnodiging vir aansoeke vanaf buite-instellings (soos bv. die Departement van Wetenskap en Tegnologie). So 'n uitnodiging mag moontlik alreeds die naam en/of navorsingstema van die betrokke leerstoel of SBI voorskryf. SBIs kom meestal tot stand as gevolg van inisiatiewe wat deur akademiese personele van die Universiteit geneem word. 'n SBI kom tot stand wanneer die Senaat die reglement – ingeslote die naam van die SBI - op aanbeveling van die ABK goedkeur.

Waar die US egter deur gebonde skenkings nuwe leerstoele en SBIs skep geld die volgende beginsels t.o.v. die naamgewing:

- 2.1 Navorsingsleerstoele en SBIs moet beskrywende of funksionele name hê wat die navorsingsfokus(se) en/of navorsingstema(s) toepaslik en korrek aandui.
- 2.2 Indien 'n navorsingsleerstoel of 'n SBI na 'n **persoon**, 'n **maatskappy** of 'n kommersiële **produkt** vernoem word, sal die naam tipies bestaan uit 'n primêre gedeelte ('n **persoon**, 'n **maatskappy** of 'n kommersiële **produkt**) en 'n gepaardgaande sekondêre gedeelte (wat funksionaliteit/navorsingsfokus(se) en/of navorsingstema(s) aandui).
- 2.3 Vernoeming na persone, maatskappye of kommersiële produkte moet met omsigtigheid hanteer word sodat die gebruik daarvan nie 'n potensiële reputasie- of beeldrisiko's vir die US inhou nie.
- 2.4 Vernoeming na persone, maatskappye of kommersiële produkte moet gedoen word met deeglike en volledige inagnome van bestaande wetgewing en definisies van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) rondom donasies, en die gepaardgaande uitreiking van 18A belastingsertifikate en/of BTW vrystelling. Waar twyfel rondom hierdie wetgewing bestaan, moet 'n onafhanklike opinie van die universiteit se ouditeursfirma ingewin word, alvorens daar op vernoeming besluit word.
- 25 Indien 'n navorsingsleerstoel of 'n SBI na 'n **persoon**, 'n **maatskappy** of 'n kommersiële **produkt** vernoem word moet die volgende in ag geneem word:
 - a) **Persone** wat oorweeg word moet gesien word as individue wat die kernwaardes van die US eerbiedig en uitleef.
 - b) **Maatskappye, of kommersiële produkte** wat oorweeg word se geskiedenis en aktiwiteite moet die kernwaardes, soos in die visie en missie van die US vervat, onderskraag. Wanneer navorsingsleerstoele (SBIs) na 'n maatskappy vernoem word, moet die konteks waarin die betrokke maatskappy se naam in die publiek gebruik word, in ag geneem word. Indien die naam van 'n maatskappy waarna 'n navorsingsleerstoel of 'n SBI vernoem is, verander, kan die naam van die

betrokke navorsingsleerstoel slegs op deur die RBS die verander word en die naam van 'n SBI kan slegs deur die Senaat op aanbeveling van die ABK verander word.

2.6 Finansiële bydrae:

- a) Navorsingsleerstoele kan slegs vernoem word na 'n **persoon**, 'n **maatskappy** of 'n kommersiële **produk** as minstens 80% van die volledige kostes (soos bepaal deur die toepassing van die US se volkoste beleid) vir die totstandkoming van die navorsingsleerstoel beskikbaar gestel word. Indien vernoeming vereis word, moet die persoon of maatskappy egter volledig ingelig word van bestaande SAID wetgewing rondom die definisie van donasies en die uitreiking van 18A belastingsertifikate.
- b) Normaalweg geld bepaling 2.5 a) ook vir SBIs, maar SBIs kan ook vernoem word na **persone** wat 'n besondere bydrae gelewer het op die bepaalde terrein sonder dat die betrokke persoon noodwendig 'n finansiële bydrae hoef te lewer tot die SBI se vestiging (byvoorbeeld Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie of die Frederick van Zyl Slabbert Instituut vir Studente-leierskapsontwikkeling)

2.7 Benaming van navorsingsleerstoele en SBIs moet altyd gedoen word met die veronderstelling dat dit gekoppel sal wees aan die duur van die skenking, en met volle inagnome van bestaande SAID wetgewing rondom benamingsregte en donasies/skenkings. Uitsonderings t.o.v. die koppeling van benamings aan die duur van skenkings mag gemaak word in die geval van vernoemings soos bepaal in 2.5 b).

2.8 Die US behou die reg voor om die name van enige US-navorsingsleerstoel of SBI te heroorweeg.

2.9 Waar daar enige ooreenkoms, skriftelik al dan nie, bestaan waarvolgens daar 'n onderneming deur die US gegee word om naamregte toe te ken, sal die vernoeming van 'n navorsingsleerstoel of 'n SBI meebring dat die US 'n bemarkingsdiens lewer. In die geval moet die US BTW betaal op die geldelike bydrae of enige waarde wat die US in ruil vir die bemarkingsdienste ontvang. Aangesien die US 'n belastingfaktuur sal moet verskaf, moet die bedrag van enige geldelike bydrae, waar van toepassing, spesifiek vir die insluiting van BTW voorsiening maak.

2.9 Waar die vernoeming van 'n navorsingsleerstoel of 'n SBI op grond van die uitsluitlike diskresie van die US geskied, met inagneming van al die omstandighede, en daar dus geen verpligting op die US is om wel die naamregte toe te ken nie maar dit goedgunstiglik gedoen word, sal BTW nie deur die US betaalbaar wees nie.

2.10 Die beleid word implementeer deur 'n komitee aangestel deur die Rektor se Bestuurspan (RBS) bestaande uit verteenwoordigers van, onder andere, die

Akademiese Beplanningskomitee (ABK) en die Navorsingskomitee (NK). Die taak van die komitee sal wees om die (RBS) te adviseer oor alle aspekte van naamgewing en/of herbenoeming van navorsingsleerstoele en SBIs.

- 2.11 Die RBS neem 'n voorlopige besluit oor die benaming nadat strategiese oorwegings ontleed is en risiko's geëvalueer is. Die RBS neem ook 'n siening oor die nodige besluitnemingsroete, afhangende van die sensitiwiteit van die onderhawige geval. Daar sal dus geval tot geval deur die RBS bepaal word waar die besluitnemingsbevoegdheid behoort te lê; normaalweg by die Uitvoerende Komitee van die Raad of in uitsonderlike gevalle by die Raad of in die geval van SBIs, by die Senaat.

Aanhangsel A (nie deel van die beleid nie – slegs ter toeligting)

PROSES VIR DIE NAAMGEWING EN/OF VERNOEMING VAN NAVORSINGSLEERSTOELE EN SBIs

Die RBS stel 'n staande komitee aan om die beleid te implementeer. Hierdie komitee kan 'n bestaande komitee, soos die Navorsingskomitee en die ABK, wees.

- Stap 1: Enige inisieerder/voorsteller van die naamgewing en/of vernoeming van 'n navorsingsleerstool of 'n SBI moet 'n voorstel indien via die betrokke dekaan van die fakulteit waarbinne die navorsingsleerstool of SBI sal resorteer. Die omgewing wat die vernoeming of naamgewing verlang, rig betyds via die betrokke dekaan 'n volledig gemotiveerde versoek aan die sekretaris van die staande komitee (soos hierbo vermeld) van die RBS.
- Stap 2: Die voorsitter van die staande komitee koöpteer, soos nodig, kundiges vir die spesifieke geval onder beskouing. Waar doenlik en gepas, sal belanghebbers uit die gemeenskap ook betrek word. In die geval van herbenamings moet die geskiedenis en konteks van die bestaande naam deeglik in ag geneem word.
- Stap 3: Wanneer die vernoeming van navorsingsleerstoele oorweeg word, implementeer die Afdeling Navorsingsontwikkeling, wanneer nodig, 'n wyer deelnemende proses waarvan die noodigheid en omvang deur die RBS bepaal word. Wanneer die vernoeming van 'n SBI oorweeg word, onderneem die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning 'n wyer

deelnemende proses waarvan die noodigheid en omvang deur die RBS bepaal word.

- Stap 4: Die staande komitee maak 'n gemotiveerde aanbeveling aan die RBS.
- Stap 5: Die RBS neem 'n voorlopige besluit nadat strategiese oorwegings ontleed is en risiko's geëvalueer is. Die RBS neem ook 'n siening oor die nodige besluitnemingsroete, afhangende van die sensitiwiteit van die onderhawige geval. Daar sal dus geval tot geval deur die RBS bepaal word waar die besluitnemingsbevoegdheid behoort te lê, m.a.w. by die Senaat, die Raad of by die Uitvoerende Komitee van die Senaat of by die Uitvoerende Komitee van die Raad.
- Stap 6: Ná ontvangs van die insette uit die wyer deelnameproses kan die RBS die saak na die staande komitee terugverwys en die proses verloop weer soos in stap 3, 4 en 5 totdat die RBS tevrede is.
- Stap 7: Die bevindinge van die staande komitee, asook die resultaat van die wyer deelnameproses en die besluit van die RBS, word verwys na die Uitvoerende Komitee van die Senaat of die Uitvoerende Komitee van die Raad wat die aanbeveling óf aan die Senaat of Raad vir goedkeuring aanbeveel óf self goedkeur, wat ook al toepaslik is.

4. ALGEMEEN

- 4.1 Die omgewing wat die versoek vir die naamgewing/vernoeming of herbenaming rig, sal instaan vir alle koste wat moontlik daarmee gepaardgaan.
- 4.2 Die wyse waarop name vertoon word, eerbiedig die beginsels van die Gids vir Korporatiewe Identiteit.
- 4.3 Hierdie riglyne poog om nie onnodig beperkend en voorskriftelik te wees nie. Dit is onmoontlik om vir alle moontlike gevalle en kontekste – veral die wat nog in die toekoms lê – voorsiening te maak.